



Hangklip Gemeenskapsorg Sentrum (HGSS) is 'n ten volle onafhanklike, geregistreerde nie-winsgewende organisasie. Ons werk vanuit fasiliteite wat ons by die Lakeside Chapel (h/v Wheeler- en Whitestraat, Bettysbaai) huur en met hulle deel. Ons visie is die bevordering van 'n samehorige Hangklipgemeenskap (inwoners van Bettysbaai, Pringlebaai en Rooiels), waarin 'n kultuur van omgee- vir-mekaar heers sodat probleme van onvoldoende voeding, eensaamheid, siekte, verwaarlosing, ensovoorts effektief aangespreek kan word. Ons fasiliteer, 'n reeks dienste aan die gemeenskap, hoofsaaklik met behulp van vrywilligers Dit sluit in:

- *Voorsiening van voedsame en smaaklike etes teen gesubsideerde, bekostigbare pryse*
- *Gratis verskaffing van kospakkes aan inwoners wat sukkel om in basiese voedingsbehoefte te voorsien*
- *'n Kliniekdiens vir die reseptering van chroniese medikasie, roetine mediese toetse en uitleen van basiese verpleegtoerusting*
- *Geleenthede vir groeps-aktiwiteite, ontspanning en sosiale interaksie.*

Hierdie dienste, tesame met ander wat meer direk betrekking het op tuis-versorging en -ondersteuning, is die onderbou vir ons **HAIL** (Home-based Assisted Independent Living) inisiatief, waardeur inwoners wat oor verminderde kapasiteit beskik om vir hulself te sorg, of ten minste onafhanklik te kan funksioneer, gehelp word om so lank moontlik in hulle eie wonings en binne die gemeenskap en omgewing waarvoor hulle lief is, te bly voortleef.

Erkenning aan ons vrywilligers

Die HGSS is die kanaal van omgee waardeur lede van ons gemeenskap kan uitreik na hul medemens om sodoende mekaar se welsyn en die welsyn van die gemeenskap as geheel te verseker. Die dryfkrag agter die dienste wat deur die HGSS gebied word, is vrywilligers – van hulle wat op die bestuurskomitee dien, tot diegene wat in elke enkele diens voorsien, of dit die kook en opdiening van maaltye, die pak en verspreiding van kospakkes of die bestuur en bemanning van die kliniek is. Vrywilligers is ook betrokke by die aanbieding van ontspanningsaktiwiteite vir die gemeenskap, soos Pilatus en Brug en die organisering van kulturele aktiwiteite. Ook die fasilitering van 'HAIL' word deur vrywilligers behartig. Sels ons twee betaalde werknemers, wie hoofsaaklik gemoeid is met aktiwiteits rondom die voorsiening van maaltye, is vrywilligers in die sin dat hulle die ekstra myl loop, vér bo hul formele pligte.

Een maal 'n jaar bied ons 'n ontbyt aan om erkenning te gee aan al ons vrywilligers. Vanjaar is dit op 1 Oktober by Bristo 365 in Pringle Baai aangebied - 'n lojale korporatiewe lid en ondersteuner van die HGSS.

Soos ons gemeenskap groei, en die behoefte aan gemeenskapsorg toeneem, word meer vrywilligers

Vrywilligers
sit aan vir
ontbyt



met 'n verskeidenheid van vaardighede en belangstellings benodig.

Dus, nader ons asseblief indien daar enige diens is, hoe klein ook al, waarvoor jy bereid is om jou dienste aan te bied. Ons sal graag jou besonderhede in 'n databasis wil opneem en jou kontak wanneer ons van jou diens gebruik kan maak.

HAIL nuus

Gesondheidswerkers opvoedkundige forum

Vroeër vanjaar is 'n maandelikse opvoedkundige forum geloods, waarby 'n lys van nagenoeg 20 plaaslike verpleegkundiges and ander versorgers reeds betrokke is. Die doel van die forum is eerstens om op hoogte te bly van nuwe ontwikkelings en goedgekeurde standaarde in die veld van versorging. Tweedens moet dit 'n forum verskaf vir die uitruil van inligting, interaksie en wedersydse ondersteuning tussen gesondheidswerkers. Hierdeur wil die HGSS spanwerk en samewerking aanmoedig en terugvoer kry van gemeenskapsbehoefte wat buite die veld van versorgers mag val.

Hoewel die forum se onderwerpe hoofsaaklik gerig is op palliatiewe sorg, word van tyd tot tyd ook 'n onderwerp van breër belang aangebied. So is daar in Oktober 'n uitstekende lesing deur Dr Gary Hudson (nuwe geneeskundige op die dorp) aangebied oor "die Wetenskap van Aanvulling" Die gewildheid van hierdie lesing (bygewoon deur meer as 40 persone), dui daarop dat ons in die toekoms meer aanbiedings soortgelyk hieraan moet oorweeg, wat oop is vir die breër publiek – moontlik kwartaalliks.

Reeds beplan vir Woensdag, 27 November om 14:30, is 'n werkswinkel met die onderwerp "**Coping with Loss and Grief**". Dit word aangebied deur Fran Tong, direkteur van die Overstrand Hospies, 'n erkende deskundige en leier op hierdie gebied. Behalwe gesondheidswerkers, is dit ook relevant vir ander gemeenskapslede (veral kerkleiers) **betrokke** by die **versorging en ondersteuning** van diegene wat bedroef is as gevolg van 'n afsterwe of enige ander vorm van verlies ervaar, bv demensie. Die lesing sal nie mense baat wat tans self in rou is nie. Enige persoon wat belangstel om dit by te woon

moet vir Joy Rourke per epos kontak (joyrourke@gmail.com) of WhatsApp (060 983 8446).

Addressering van isolasie en eensaamheid

HGSS bied drie aktiwiteite (vorms) van ontspanning en interaksie aan, aanvullend tot ander wat reeds in die gemeenskap bestaan.

Die gewilde Pilates klasse word op 'n Maandag en Donderdag in die Crassulasaal aangebied. Dit word ten volle benut en die waglyns groei steeds.

Ons brugklub kom op die eerste en derde Dinsdag middag van die maand bymekaar. Dit is oop vir almal en ervare spelers sowel as beginners is welkom. Daar is geen koste nie – slegs 'n vrywillige donasie om die koste van tee en verversings te dek. Kennisgewing van bywoning is noodsaaklik om die getal tafels van 4 gereed te kry. Dit geskied deur 'n WhatsApp groep, gewoonlik op die voorafgaande Maandag. Belangstellendes kan met Joy Rourke (060 983 8446) of Willemien Law (072 368 8780) skakel. In die komende jaar, wil ons graag nuwe deelnemers betrek, insluitend beginners. Ons is bereid om beginners te leer.

'n Vriendskapskring het in September begin waar 'n groep bymekaar gekom het vir 'n middagtee, besprekings en ander aktiwiteite. Ons beplan om die kuier geleentheid verder te ontwikkel en uit te brei met insette van die aanvanklike groep en ander belangstellendes.

Behoeftes bepaling en die ontwikkeling van 'n vrywilliger steun netwerk

Baie meer werk moet nog op dié gebied gedoen word, daar 'n effektiewe struktuur van vrywilligers nie gewerk kan word alvorens ons nie die behoeftes in die gemeenskap meer akkuraat geïdentifiseer het nie.

Die afgelope paar weke het ons met verskeie verteenwoordigers in ons gemeenskap vergader teneinde 'n werkbare model te vind om die behoeftes van die gemeenskap te identifiseer en bevredig.

Die konsensus was dat 'n buurt gebaseerde "buddy" stelsel waarskynlik die beste sal werk. Daarvoor, kan Bettysbaai maklik in sewe gebiede/areas verdeel word, wat ooreenstem met die wyke geïdentifiseer deur die buurtwag. Benaderings om die buurte in Rooi Els en Pringlebaai uit te beeld, mag verskil na gelang van die plaaslike omstandighede. Binne elke gemeenskap wil ons begin met 'n deur tot deur formele opname van behoeftes. Ons voorsien dat hierdie opname ook sal help om vaardighede en hulpbronne te identifiseer, plaaslik en moontlik ook verder.

'n Formele, goed gestruktureerde opname hou die voordeel in dat met 'n betroubare basislyn as verwysing nie slegs individuele behoeftes bepaal word nie, maar ook die omvang van die sorg wat benodig word. Dit sal ook gemeenskaplike behoeftes blootstel wat meer effektief op gemeenskapsvlak geadresseer kan word. Die uitvoerbaarheid van só 'n studie word tans ondersoek en ons hoop om in die nabye toekoms verder hieroor te rapporteer.

Kliniek vir reseptering van kroniese medisyne

Hierdie afgeleë kliniek, gefasiliteer deur HGSS, opereer op 'n 8-weke siklus onder die leiding van die Overstrand distrik gesondheidsorg en Kleinmond kliniek. Dit is gerieflik vir die Hangklip inwoners, wie andersins na Kleinmond sou moes reis om voorskrifte en medisyne voorraad te hernu. Bywoning van die klinieke groei steeds, met 150 pasiënte wie tans gelys is. Die ondersteuning wat deur HGSS gebied word, sluit in 'n goed toegeruste lokaal waar pasiënte in 'n gemoedlike atmosfeer bedien word met verversings en die geleentheid het om sosiaal te verkeer met ander pasiënte terwyl hulle wag op dienste. Belangriker egter is die span van vrywillige verpleegpersoneel wie observasies doen om die kliniekdokter in staat te stel om voorskrifte aan te pas waar nodig. Bloedtoetse word ook gedoen deur die besoekende personeel.

Aangesien daar begrip is vir die feit dat nie alle pasiënte elke kliniek persoonlik kan bywoon nie, word die afhaal van medisyne per proksie toegelaat. Indien dit meer as twee maal opeenvolgend gebeur, loop die pasiënt die risiko dat hy/sy persoonlik by die kliniek in Kleinmond sal moet rapporteer.

Finansiële nuus

'n Uittreksel uit ons halfjaar finansiële verslag bied interessante leesstof. Halfpad deur ons finansiële jaar het die kombuis reeds meer as 3,100 maaltye bedien – 46% meer as dieselfde tyd verlede jaar. Ten spyte van die groot styging in die koste van bestanddele, het die styging in getalle gehelp om die algehele koste van voorbereiding (bestanddele plus oorhoofse koste) met bykans 20% te verminder, van R39.12 tot R31.50 per maaltyd. Aan die begin van hierdie jaar het ons die prys van 'n nie-gesubsidieerde maaltyd vir ons lede verhoog van R35 tot R40. Die profyt van R8.50 op elke maaltyd was nie voorsien nie. Hierdie profyt is egter 'n welkome bydrae tot die gesubsidieerde maaltye vir behoeftige huishoudings in ons gemeenskap. Meer as 50% van die maaltye wat voorberei word, word teen slegs R10 per maaltyd voorsien aan HGSS lede.

Ten spite van hierdie kruis-subsidiëring, is daar steeds 'n tekort as die totale inkomste uit die verkoop van maaltye gemeet word aan die koste van die voorbereiding daarvan. Dit noodsaak substansiële befondsing uit ander bronne – nie slegs om die tekort aan te vul nie, maar ook om ander gemeenskaps-dienste te finansier. Die hoofbron van inkomste is 'n toelaag van die Provinsiale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling. Mindere fondse bestaan uit ledegeld, sowel as donasies van plaaslike kerke, sakeondernemings en individuele gemeenskapslede.

Saam het dit ons in staat gestel om jaarliks 'n klein maar gesonde surplus oor die laaste aantal jare te toon.

HGSS groep kunsuitstalling

HGSS sal binnekort die gasheer wees van ons eerste groeps-kunsuitstalling te Bristo 365, Pringlebaai, wat

op 30 November begin en deurloop tot April 2020. Met die klem op kunstenaars van die Hangklip streek, voorsien ons dat die uitstalling 'n bewustheid en waardering vir die beduidende kuns talent in ons gemeenskap sal bevorder. Deelnemende kunstenaars sluit in, Sue Maas, Brindley Pritchard, Milly Jones, Ann Green, Pat Perloff, Mark van der Merwe en Catherine Jaussaud. Staan asseblief tyd af om die uitstalling te besoek en ondersteun hierdie kunstenaars. Met hierdie uitstalling hoop ons om broodnodige fondse te in om die werk van die HGSS te bevorder. (Navrae: René Kaljee, 079 840 0868)

Lidmaatskap

Soos vermeld in ons vorige nuusbrief, was daar oor die afgelope drie jaar vinnige groei in die HGSS se ledetal – 'n tendens wat ons graag wil sien voortgaan. Die meerderheid van die lede wie aansluit, soek nie noodwendig dadelik persoonlike voordeel nie, maar sluit aan om ons visie en missie te ondersteun en het gekies om by te dra tot die groei van 'n omgee gemeenskap as 'n waardevolle belegging in hul toekoms. In ooreenstemming met die visie van "HAIL", besef ons almal dat ons toekomstige lewenskwaliteit en selfs die langlewendheid van ons verblyf in hierdie streek, sal afhang van die ontwikkeling van 'n sterk organisasie wat ten volle deur die gemeenskap opdersteun word.

Lidmaatskap is oop vir alle lede van die Hangklip streek (Bettysbaai, Pringlebaai en Rooi Els). Die jaarlikse fooi van R60 is doelbewus bekostigbaar gemaak en kan verlaag word as omstandighede dit vereis.

Aansoekvorms en verdere besonderhede is vryelik beskikbaar op versoek (Navrae: Patricia Ackerberg, 082 378 1641).

Help asseblief om te verseker dat hierdie nuusbrief onder die aandag van soveel as moontlik Hangklip inwoners gebring word om hulle bewus te maak van die dienste wat HGSS fasiliteer en hulle aan te moedig om lede te word. Vir diene wat graag 'n eenmalige of gereelde (belastingaftrekbare) donasie wil maak, voorsien ons graag die nodige bankbesonderhede. Gebruik asb u van en voorletters as verwysing, en stuur u kontakbesonderhede aan Adrian de Kock (adrian25@telkomsa.net) sodat hy mettertyd 'n belastingsfaktuur kan uitreik.

Rekening: Hangklip Community Care Centre

Bank: Eerste Nasionale Bank

Rekeningnr: 62460003818